

11 JANUARIE

SKRIFGEDEELTE: PSALM 9
FOKUSGEDEELTE: PSALM 9:19

God vergeet jou nie

Jy voel verstote. Die lewe het te erg geword en die blydschap het verdwyn. Help dit dan nog om te glo? Kyk na die versekering van Psalm 9. God is altyd betrokke by jou. Hy is selfs betrokke by die goddeloses, al dink hulle nie so nie. Dit beteken eerstens God hoor as ek iets vra en tweedens God luister as ek smeek.

Dit is die groot troos in die swaarkry van die lewe: God vergeet nie! Swaarkry kan mens so uitmergel, jou laat terugtrek in jou eie klein wêreldjie. Jy word werklik 'n behoefte voor God en jy kan maar net bedel. Die troos is egter: God vergeet nie. Hy sien jou ellende raak. Selfs deur die swaarkry voed Hy ons op om werklik as sy kinders te lewe.

Die swaarkry moet ons net nie in sak en as laat sit nie. Jy is tog 'n gelowige! Die kern van die geloof lê nie in die bereidheid om swaar te kry nie, maar in die verwagting wat selfs in die swaarkry bly leef. Dit beteken in die eerste plek dat dit nie 'n eindelose donker is waarin jy jou bevind nie, want God se lig skyn oor jou. In die tweede plek is dit nie 'n aanhoudende swaarkry nie, want God se liefde is met jou.

Jy kan óór die swaarkry kyk en weet God hou jou hele lewe in sy hand. Met geloofsoë sien jy: 'n krip in Betlehem, 'n tuin by Getsemane, 'n kruis op Golgota, 'n graf in die tuin, 'n berg van hemelvaart en ons Verlosser, Jesus Christus, op die Koningstroon in hemelse heerlijkheid! Hy regeer. Hy vergeet jou nie. Jou verwagting in Hom is nie vrugteloos nie.

Sing: Skrifberyming 14-2

Ds Roelie Aucamp (Middelburg, Karoo)